

10 Oktober

Skrifgedeelte: Psalm 9:1-21 (OAV)
Fokusgedeelte: Psalm 9:10-12 (OAV)

Ken en vertrou, vertrou en ken die Here!

Die Here leer ons om as deel van die strydende kerk staande te kan bly in 'n onregverdige sekulêre wêreld.

Twee spreekwoorde kom navore: "Vertrou iemand totdat jy hom ken"; en: "Kennis bring vertroue." Dus: partymaal eers vertrou en dan ken; en andermaal eers ken en dan vertrou. Vergelyk Sondag 7:21: "Glo is kennis en vertroue." Namate ek die Here ken, groei my vertroue. Ons kán op die HERE vertrou omdat ons Hom ken as die Een wat nie diegene wat Hom soek, sal verlaat nie (vs 11).

Wie moet ons ken en vertrou?

- Die *Allerhoogste* (vs 3): God regeer oor alles in Christus wat aan die regterhand sit. Christus is ons Verlosser en Saligmaker; Beeld van God se liefde. Hy het ons voor God geregverdig en maak ons erfgename van die ewige lewe.
- Die *regverdige Regter* (vs 5): God alléén ken die waarheid. Hy kán dus oordeel tussen reg en verkeerd en my regsak behartig in 'n onregverdige, sekulêre wêreld. Om Christus wil, wil Hy en het Hy.
- Die *HERE* (vs 11): God het volgens sy welbehae met sy uitverkore kinders 'n bloed-verbintenis in Christus gesluit. Sondeskuld is afgewas.
- Die *Sionsgod* (vs 12): God woon tussen sy mense. Sion is die plek waar die tabernakel van die HERE is. Dáár waar die tekens van versoening (offerandes, verbondsark) heenwys na Christus wat ons volledig met God versoen het.

Hierdie God behartig ons regsak. Hy verhef ons uit die poorte van die dood en bring ons by die poorte van Sion (vs 14, 15). Hóm moet ek ken en vertrou!

Sing: Psalm 9:1, 2, 7 (1936-beryming)

Ds AH Stavast (Kroonstad)